

15 Augustus

Fokusgedeelte: Spreuke 26:5

Bestraf dwaasheid vanuit God se Woord

In Spreuke 26:5 staan: “Beantwoord ‘n dwaas se vraag op net so dwase manier, anders dink hy hy het wysheid.” In vers 5 beteken “na sy sotheid” (OAV) dat ‘n wyse mens die dwaas se dwaasheid duidelik moet antwoord. Sy dwaasheid verdien om bestraf te word. Ons lees in die 1983-vertaling: “Beantwoord ‘n dwaas se vraag op net so dwase manier, anders dink hy hy het wysheid.” Die rede vir die “dwase” antwoord is skoktaktiek! ‘n Dwase antwoord op die dwaas se dwaasheid ruk hom tot besinning. Wanneer jy stilbly waar jy hom moes antwoord, dink die dwaas dat jy hom nie kan antwoord nie en dan dink hy hy het wysheid.

Hoe weet ek of ‘n woord deur ‘n dwaas gesprek is? Ek moet ‘n persoon se woorde toets aan die Woord van God as riglyn vir my lewe, want die Woord leer ons ook wat wysheid is (Ps 111:10): “Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig.” Daar bestaan nie so iets soos wysheide wat die Woord van God weerspreek nie.

Wat hierdie verse ons leer, is dat elke gelowige elke situasie verantwoordelik uit die Woord van God moet beoordeel. Sommige opmerkings van ‘n dwaas verdien nie eers ‘n antwoord nie! Wanneer ‘n mens probeer om die dwaas te antwoord, loop dit uit op ‘n rusie, want die dwaas wil hom ten alle koste regverdig. Wanneer die koninkryk van God nie deur die dwaas se opmerking geraak word nie, ignoreer sy dwaasheid!

Laat ons dan nie oorhaastig reageer op wat mense sê nie. Kom ons bid dat die Here ons deur sy Woord en Heilige Gees sal lei om die regte keuse te maak en die regte woorde op die regte tyd te sê.

Sing: Psalm 14:4,5,6,7 (wysie Ps 104) Ds OA Oosthuizen (Secunda-Oos)